GRONDWET VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Afrikaanse vertaling van die gewysigde Engelse grondwet wat op 29 Januarie 2020 aangeneem is

1. NAAM

1.1 Die naam van die Vereniging is die **HOUTWERKVERENIGING van PRETORIA** (hierna die **Vereniging** genoem).

2. VOERTAAL

2.1 Die voertaal van die Vereniging is Afrikaans en Engels.

3. DOELWITTE EN DOELSTELLINGS

3.1 Om houtwerkvaardighede, -tegnieke en -kennis te bevorder en lewend te hou.
3.2 Om almal wat toegewy is aan die bereiking en behoud van die hoogste standaarde in die beoefening van hulle gekose houtwerkvakgebied bymekaar te bring.
3.3 Om groter publieke bewustheid te skep van houtwerkvakmanskap, en die prag en waarde van alledaagse dinge wat individueel uit hout gemaak word.
3.4 Om inligting oor hout en alle soorte houtwerk toeganklik te maak.
3.5 Om ’n gees van samewerking en die uitruil van standpunte en idees tussen lede aan te moedig.
3.6 Om ’n plek te voorsien waar lede kan byeenkom en lesings en werkwinkels kan bywoon.
3.7 Om skoling te bevorder deur die reël van houtwerkkursusse wat deur vooraanstaande vakmanne aangebied word, en die borg van kompetisies.
3.8 Om uitstallings te reël en lede se werk te help bemark.
3.9 Om ’n gereelde nuusbrief aan lede te versprei.
3.10 Om daarna te streef om soortgelyke verenigings elders in die land te help stig.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Lidmaatskap van die Vereniging is oop vir individue wat in houtwerk belangstel en die werksaamhede van die groep bevorder. Lidmaatskap (gewone lidmaatskap, junior/ studentelidmaatskap) kan verwerf word deur op die gebruiklike wyse aan te sluit.
4.2 Lidmaatskap is onderhewig aan goedkeuring deur die bestuurskomitee (hierna die **bestuur** genoem).
4.3 Junior/studentelidmaatskap is oop vir mense jonger as 21 jaar, en voltydse studente.
4.4 Gewone en junior/studentelidmaatskap is beperk tot lede wie se ledegeld ten volle betaal is. Lidmaatskap is per kalenderjaar, en verval indien die lid nie sy/haar lidmaatskap jaarliks teen 31 Desember hernu nie.
4.5 Alle lede mag die jaarvergadering en die spesiale algemene vergaderings bywoon, het stemreg, en is verkiesbaar op die bestuur.
4.6 Die bestuur kan die lidmaatskap van enige lid wat die reëls van die Vereniging oortree of die Vereniging in onguns bring, beëindig. Die betrokke lid het die reg om sy/haar saak voor die bestuur te stel voordat ’n finale besluit geneem word.

4.7 **Erelidmaatskap**

4.7.1 Die bestuur kan, hetsy uit eie beweging of na aanleiding van ’n voorstel deur ’n lid, besluit om erelidmaatskap van die Vereniging aan ’n persoon toe te ken wat oor ’n tydperk van meer as twee jaar ’n voortreflike bydrae tot die Vereniging en die bevordering van een of meer van die Vereniging se doelstellings gelewer het.

4.7.2 Erelidmaatskap word formeel toegeken by ’n spesiale geleentheid van die bestuur se keuse, waartydens die voorsitter ’n sertifikaat van erelidmaatskap aan die ontvanger sal oorhandig.

4.8 **Vriend van die Houtwerkvereniging**

4.8.1 Die bestuur kan, hetsy uit eie beweging of na aanleiding van ’n voorstel deur ’n lid, besluit om die status van “Vriend van die Houtwerkvereniging van Pretoria” aan ’n persoon, organisasie of instelling toe te ken indien die bestuur eenparig besluit dat daardie persoon, organisasie of instelling

4.8.1.1 houtwerk-items maak waarvan die gehalte so hoog is dat sy verbintenis as Vriend van die Houtwerkvereniging prestige aan die Vereniging sal toevoeg;

4.8.1.2 op so ’n manier by die houtbedryf, meubelvervaardigingsbedryf, die kleinhandel in houtwerkmasjinerie en -gereedskap, bosbou, of by houtnavorsing betrokke is dat dit vir die Vereniging ’n voorreg sal wees om met die persoon, organisasie of instelling geassosieer te wees.

4.8.2 Die status “Vriend van die Houtwerkvereniging van Pretoria” geld vir ’n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop dit toegeken is, en verleen aan die ontvanger dieselfde voorregte as dié waaroor ’n gewone lid beskik.

4.8.3 Die status van “Vriend van die Houtwerkvereniging van Pretoria” word toegeken by ’n geleentheid wat deur die bestuur as gepas beskou word.

5. LEDEGELD

5.1 Ledegeld is soos volg betaalbaar ooreenkomstig die skaal wat, ná oorweging van die bestuur se aanbeveling, by die algemene jaarvergadering goedgekeur is:

5.1.1 Eenmalige intreefooi (wat die koste van die naamplaatjie insluit);

5.1.2 Jaarlikse ledebydrae;

5.1.3 Koste van kontantdeposito’s (indien van toepassing).

5.2 Junior/studentelidmaatskap word teen ’n verlaging van 50% op die gewone ledegeld aan mense wat jonger as 21 jaar is en aan voltydse studente gebied.

5.3 Erelede is vrygestel van die betaling van ledegeld.

5.4 Lidmaatskap is geldig van Januarie tot en met Desember, waarna dit hernu moet word.

5.5 Ledegeld is nie terugbetaalbaar nie.

6. ALGEMENE VERGADERINGS

6.1 Die algemene jaarvergadering (AJV)

6.1.1 Die algemene jaarvergadering van die Vereniging word een keer per jaar gehou. Dit word gehou hoogstens vyftien maande nadat die voorafgaande AJV in Januarie gehou is.

6.2 Spesiale algemene vergaderings

6.2.1 Spesiale algemene vergaderings word deur die bestuur belê wanneer dit nodig is, of op skriftelike versoek van ten minste een vyfde van die lede.

6.2.2 Op spesiale algemene vergaderings word slegs dié sake bespreek waarvoor die vergadering belê is.

6.3 Gewone algemene vergadering

6.3.1 ’n Minimum van tien gewone algemene vergaderings moet, met tussenposes van ongeveer ’n maand, gehou word om werksaamhede en planne te bespreek.

6.4 Hou van algemene vergaderings (insluitend die AJV)

6.4.1 Kennisgewing van die algemene jaarvergadering, spesiale en gewone algemene vergaderings moet ten minste 14 dae voor die betrokke dag skriftelik op alle lede bedien word, en moet die volledige sakelys insluit.

6.4.2 Die vergadering moet onder voorsitterskap van die huidige voorsitter of plaasvervangende lid gehou word.

6.4.3 Die kworum vir algemene vergaderings is een vyfde van die ledetal.

6.4.4 Stemming geskied by wyse van ’n stembriefie (geslote stemming) of deur die opsteek van hande. Lede wat stemgeregtig is maar nie die vergadering kan bywoon nie, mag volmagstemme uitbring.

6.4.5 Die besluit van die meerderheid van dié lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, is beslissend. In geval van ’n gelykoptelling het die voorsitter ’n gewone, asook ’n beslissende (tweede) stem.

7. BESTUURSKOMITEE

7.1 ’n Bestuurskomitee bestaande uit ’n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier (vier beamptes) en hoogstens vier ander lede word verkies om die Vereniging se sake te bestuur.

7.2 Die agt lede van die bestuur word tydens die algemene jaarvergadering verkies by wyse van ’n geslote stemming of deur die opsteek van hande. Behalwe vir die voorsitter, wat by die algemene jaarvergadering verkies word, sal die verkose bestuurslede by hul eerste vergadering die onderskeie ampsdraers uit eie geledere aanwys in ooreenstemming met klousule 7.1.

7.3 Enige aantal lede kan gekoöpteer word om die bestuur met spesiale take te help of om as spesialiste in die bestuur te dien, en hulle het volle stemreg. Verteenwoordiging van al die belangegroepe van die Vereniging in die bestuur moet nagestreef word, hetsy deur verkiesing of deur koöptering.

7.4 Die bestuur kan enige toevallige vakature in die bestuur vul, en enige persoon wat so aangewys is, sal tot die afsluiting van die volgende algemene jaarvergadering in die bestuur dien. Indien die voorsitter, ondervoorsitter of sekretaris bedank, sal die bestuur tot stemming oorgaan om ’n plaasvervanger aan te wys.

7.5 Al die lede van die komitee het ’n volle stem. ’n Kworum (in die bestuur) is die hoogste getal van óf een derde van die heersende ledetal óf vier. Die voorsitter het sowel ’n gewone as ’n beslissende stem.

7.6 Enige bestuurslid wat vir drie opeenvolgende vergaderings sonder die voorsitter se toestemming afwesig is, hou outomaties op om lid van die bestuur te wees.

7.7 Die bestuur sal minstens tien keer per jaar vergader.

7.8 Daar sal by die vergaderings notule gehou word, en die notule sal so gou moontlik ná die vergadering aan die bestuurslede versend word. Die notule word by die daaropvolgende vergadering goedgekeur.

7.9 Die bestuur kan, indien hy dit nodig ag, subkomitees aanstel om die Vereniging se doelstellings te verwesenlik. Geen sodanig aangestelde subkomitee mag ’n ooreenkoms met regs- of finansiële implikasies aangaan tensy die bestuur vooraf magtiging daartoe verleen het nie.

8. MAGTE VAN DIE VERENIGING EN BESTUURSKOMITEE

8.1 Die Vereniging beskik oor die bevoegdheid om:

8.1.1 Fondse in te samel deur bydraes en skenkings aan te vra, ledegeld en fooie te hef, en om ’n lening aansoek te doen en dit te aanvaar;

8.1.2 ’n Werker teen betaling in diens te neem of om enige agent te betaal om te help om die Vereniging se doelstellings te verwesenlik;

8.1.3 Eiendom en toerusting wat vir die verwesenliking van dié doelstellings nodig is, te huur, te verhuur en te besit;

8.1.4 ’n Affiliasie te bewerkstellig met enige plaaslike of nasionale groep of vereniging wat deur die bestuur as paslik beskou word, en om sy affiliasie met enige groep of organisasie te beëindig indien die bestuur van mening is dat só ’n voortgesette verbintenis teen die Vereniging se belange sou indruis;

8.1.5 Enigiets wat wettig is te doen om al bogenoemde doelstellings, of enigeen daarvan, te verwesenlik.

8.2 Die bestuur beskik oor die bevoegdheid om:

8.2.1 Die Vereniging se sake te bestuur op ’n wyse waardeur die Vereniging se doelstellings en oogmerke nagestreef word;

8.2.2 Enige lid se lidmaatskap ingevolge die bepalings van klousule 4.6 te beëindig.

9. FONDSE EN FINANSIES

9.1 Alle fondse sal uitsluitlik aan die doelwitte en doelstellings van die groep bestee word.

9.2 Uitgawes sal slegs, hetsy gedeeltelik of volledig, uit die Vereniging se fondse gedek word indien die Vereniging se finansies dit toelaat en ’n besluit oor die uitgawes vooraf tydens ’n bestuursvergadering goedgekeur is.

9.3 Die finansiële jaar van die Vereniging strek van 1 Januarie tot 31 Desember van ’n bepaalde jaar.

9.4 Die bestuur sal na die finansies van die Vereniging omsien. Dit vereis dat alle inkomste, uitgawes en bates behoorlik rekeningkundig verantwoord word. Die bestuur sal toesien dat die Vereniging se rekeninge jaarliks deur ’n onafhanklike ouditeur, wat nie ’n lid van die bestuur is nie, geouditeer word. Die ouditeur moet ’n verslag van sy bevindinge en ’n gesertifiseerde balansstaat aan die bestuur voorlê. ’n Finansiële verslag moet by die algemene jaarvergadering aan alle lede voorgelê word.

9.5 Die tesourier moet ’n staat van inkomste en uitgawes wat die stand van die Vereniging se finansies weerspieël tydens die bestuursvergaderings voorlê. Alle voorsienbare uitgawes moet vir goedkeuring aan die bestuur voorgelê word.

9.6 Die Vereniging se finansiële transaksies kan uitgevoer word by wyse van elektroniese fondsoorplasing (EFT), debietkaart of ’n voorafbetaalde kaart wat deur enige twee van die gemagtigde ondertekenaars goedgekeur is. Die Vereniging kan betaling deur middel van EFT’s, debietkaarte, kredietkaarte of bankdeposito’s ontvang.

9.7 Die Vereniging moet ’n bankrekening by ’n handelsbank van die bestuur se keuse hê.

9.8 Die finansiële verpligtinge van die Vereniging sal slegs tot die mate van sy bates gewaarborg word, en sluit alle persoonlike aanspreeklikheid van bestuurslede uit. Desondanks sal enige lid wat hierdie klousule ignoreer, persoonlik teenoor die bestuur en die algemene jaarvergadering aanspreeklik gehou word vir enige uitgawes wat in sy/haar hoedanigheid as bestuurslid aangegaan is.

10. VERGOEDING

10.1 Die Vereniging is sonder winsoogmerk gestig.

10.2 Ampsdraers en bestuurslede word nie betaal vir dienste wat hul uit hoofde van hul bestuursfunksie aan die Vereniging lewer nie, maar goedgekeurde uitgawes word wel vergoed.

11. KLAGTES

11.1 Lede moet enige klagtes of besware skriftelik by die sekretaris indien.

11.2 Die bestuur se beslissing daaroor is finaal.

12. AANSPREEKLIKHEID VAN DIE VERENIGING

12.1 Nóg die Vereniging, nóg sy bestuur, nóg enige lid is aanspreeklik teenoor ander lede, deelnemers, toeskouers of hulle afhanklikes vir enige skade of uitgawes wat mag voortspruit uit die dood, liggaamlike beserings, of skade aan of verlies van eiendom wat op enige wyse tydens sosiale byeenkomste, uitstallings, demonstrasies of enige verwante byeenkomste mag voorkom.

13. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

13.1 Wysiging van die grondwet geskied slegs by ’n algemene jaarvergadering of spesiale/ buitengewone algemene vergadering, mits lede vooraf ’n kennisgewing van voorneme saam met die bewoording van die voorgestelde wysiging ontvang het en twee derdes van die lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, die resolusie by die vergadering aanvaar.

14. INTERPRETASIE

14.1 Die ware interpretasie van die grondwet is in die Engelse weergawe daarvan vervat. Die Afrikaanse weergawe is egter sover moontlik ’n getroue weergawe van hierdie grondwet.

14.2 Elke lid word van ’n afskrif van die grondwet voorsien en word daarna beskou as ten volle ingelig te wees oor die inhoud daarvan.

15. ONTBINDING

15.1 Die ontbinding van die Vereniging kan slegs by ’n spesiale of algemene jaarvergadering aangekondig word.

15.2 Alle bates van die Vereniging wat oor is ná die bevrediging van alle skuld en laste (insluitend die verkryging van die ooreenkoms van toepaslike befondsers) sal, waar van toepassing, in kontant omgesit word. Die totale monetêre bate sal ten tyde van die ontbinding gelykop onder bestaande lede verdeel word.